higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1130**(A)**(N28)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

MEDIESE PRAKTYK N5

(Tweede Vraestel)

(9090165)

28 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–11:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

GS

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MEDIESE PRAKTYK N5
(Tweede Vraestel)
TYD: 2 UUR
PUNTE: 100

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek ALLE werk dood wat jy NIE wil laat nasien NIE.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. AFDELING A is VERPLIGTEND.

2. Beantwoord enige DRIE van die vier vrae in AFDELING B.

3. Lees AL die vrae aandagtig deur.

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1

1.1 Verduidelik elk van die volgende terme:

1.1.1 Dissosiasie

1.1.2 Obsessiewe twyfel

1.1.3 Piromanie

1.1.4 Prognose

1.1.5 Hipochondrie

1.1.6 Psigosomaties

1.1.7 Hipertensie

1.1.8 Bulimie

1.1.9 Ringvinger-dermatitis

1.10 Infantiel

(10 × 2) (20)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Psigopate is baie sosiale mense

1.2.2 Psigopate pleeg selde selfmoord

1.2.3 Mense raak fisies sowel as psigies verslaaf aan LSD

1.2.4 'n Vroulike alkoholis rehabiliteer makliker as 'n manlike alkoholis

1.2.5 Homoseksualiteit word suksesvol met skokterapie behandel

(5 × 2) (10)

1.3 Noem DRIE verskille tussen *manlike* en *vroulike alkoholiste*. (3)

1.4 Benoem elk van die volgende:

1.4.1 Persoon verkry seksuele bevrediging uit omgang met diere te hê

1.4.2 Die teenoorgestelde as seksuele kilheid

1.4.3 Persoon met 'n I.K. van tussen 0 tot 25

(3 × 2) (6)

Kopiereg voorbehou

1.5 Voltooi die volgende stelling:

Die oorsaak van swaksinnigheid moet gesoek word in die interaksie tussen oorerwing en … . (1)
[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

Beantwoord DRIE vrae uit hierdie afdeling.

VRAAG 2

2.1 Bespreek die kliniese beeld van die alkoholis op intellektuele vlak. (10)

2.2 Hoekom word daar ook na psigopotie anti-sosiale persoonlikheid verwys? (5)

2.3 Verduidelik elk van die volgende terme:

2.3.1 Ekshibisionisme

2.3.2 Masochisme

(2 × 2) (4)

2.4 Watter tipe kind is verstandelik gestremd as gevolg van 'n jodiumtekort? (1)
[20]

VRAAG 3

3.1 Bespreek kortliks die volgende:

3.1.1 Transvestisme

3.1.2 Sadisme

(2 × 5) (10)

3.2 Skryf kort aantekeninge oor Down se sindroom. (10)
[20]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 Noem die fisiese simptome van angsneurose. (10)

4.2 Verduidelik elk van die volgende tipes fobies:

4.2.1 Agorafobie

4.2.2 Akwafobie

(2 × 2) (4)

4.3 Verduidelik die term *konversie histerie.* (2)

4.4 Bespreek die term *somnambulisme.* (4)
[20]

VRAAG 5

5.1 Bespreek die volgende tipes psigosomatiese siektes:

5.1.1 Hipertensie

5.1.2 Peptiese ulkusse ('ulcers')

(2 × 5) (10)

5.2 Noem die faktore wat in ag geneem moet word by die maak van afsprake. (4)

5.3 Noem die pligte van die sekretaresse ten opsigte van die dokter se mediese tas. (6)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 60
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou